Publication: Sake (Rapport)
Date: Sunday, September 23, 2018
Page: 5

# Is elektroniese testamente met ons?

Nico van Gijsen



**Raad met jou rande**

Alles gebeur deesdae op rekenaars, maar hou maar vir eers nog jou testament in gedrukte vorm.

Volgens James Faber, lektor in erfreg aan die Universiteit van die Vrystaat, is elektronika nie net hier om te bly nie, die reg gaan hierby moet aanpas. En dit gaan uiteindelik insluit die opstel van testamente.

Faber het die afgelope week gepraat op die agtste jaarlikse Fisa-kongres in Sandton oor die ontwikkeling in die aanvaarding van elektroniese testamente.

Erfopvolging, die oorgaan van jou goed by jou dood aan jou erfgename, is net moontlik as daar 'n testament is waarin jou wense uitgespreek is. As daar nie is nie, sal daar ingevolge die intestate erfreg bepaal word wie wat van jou sal erf. Jou testeervryheid - die reg om jou goed te bemaak aan wie jy wil - is dus ook nie uitvoerbaar nie.

Daarom, soos ek al in my rubrieke aangehaal het, is jou testament, in die woorde van die hof in die saak *Raubenheimer vs. Raubenheimer*, die belangrikste dokument wat jy in jou lewe sal opstel.

Die onmiddellike probleem met gerekenariseerde dokumente is die vrees vir bedrog.

Maar erger, as die dokument op jou rekenaar bedoel is om jou testament te wees, wat as jou rekenaar die gees gee kort ná jou en niemand jou "testament" sien nie? Dit is so goed jy het jou testament herroep, want daar is geen bewys van nie.

Die dilemma met gerekenariseerde testamente gaan egter verder. Om as 'n testament aanvaar te word, moet daar aan al die statutêre vereistes van die Wet op Testamente (Wet 7 van 1953) voldoen word. Waar daar twyfel is oor die geldigheid van 'n testament, kyk die hof na drie vereistes waaraan voldoen moet word voordat die hof die dokument as testament sal aanvaar.

Daar moet uiteraard 'n dokument wees wat voor die hof dien, dit moes deur die oorledene oorgedra gewees het en die oorledene moes die bedoeling gehad het dat die dokument sy testament moet wees. Die afleiding word gemaak, al sê die wet dit nie uitdruklik nie, dat dit 'n geskrewe dokument moet wees. 'n Mondelingse "testament" kan nie aanvaar word nie.

Die volgende probleem is die ondertekeningsvereistes vir 'n testament. Die Wet op Elektroniese Kommunikasie en Transaksies (Wet 25 van 2002) gee erkenning aan gerekenariseerde handtekeninge. Maar dit sluit die ondertekening van testamente spesifiek uit.

Daar was al gevalle waar rekenaartestamente wel aanvaar is deur die hof. Maar in die gevalle wat reeds voor die hof gedien het, was dit uiteindelik nie die rekenaardokument self wat aanvaar is nie. Dit moes eers in gedrukte vorm - 'n papierdokument - omskep word.

As ons kyk na die hofsake is daar nog geen aanduiding dat rekenaartestamente binnekort in Suid-Afrika aanvaar gaan word nie, sê Faber. Maar ons staan voor 'n nuwe uitdaging met rekenaartestamente wat sal vereis dat bestaande formaliteite omskep gaan moet word om die testateur se bedoelinge in sy testament te fasiliteer.

**■ Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com; Twitter: @Nicovangijsen**

This material has been copied under a Dalro licence and is not for resale or retransmission.